



Gunsmithy 3-Step Geweerskoonmaak




Jaggeweer skoonmaak verg 'n kombinasie van kuns en wetenskap.

By Gunsmithy het ons deernis met die geweer-eienaar se passie en aanvoeling vir sy wapens. Ons weet baie goed dat elke geweer-eienaar sy eie manier van doen het, wat vir hom of haar en sy of haar geweer werk. Dis deel van die geweer-kuns.

Ons doel met hierdie artikel is dus nie om die kuns van geweer skoonmaak te verwoord nie. Ons dink in elk geval nie ons kan nie. Nee, ons fokus eerder op die wetenskap van geweer skoonmaak.

W.W. Greener, in ***The Gun and its Development*** (9de uitgawe 1910), skryf as volg oor geweer skoonmaak: *"If a gun be wet, it should be wiped dry at once, but the cleaning of the barrels and breech-action may be left until the sportsman or his servant has time to do it properly. To clean the barrels, use the cleaning-rod, with tow and oil, or turpentine. To remove the fouling, put muzzles on a piece of wood, and push the rod down to within an inch of the muzzle, and draw up to the chamber. Do this two or three times; and push right through. Use the bristle brush, or the rod with plenty of flannel; finish with the mop soaked in refined neatsfoot, pure Arctic sperm oil, or vaseline. ... To remove rust from the inside or outside of a barrel, procure a tub, and with a kettle of boiling water well scald the barrels inside and out, inserting a wooden peg in one of the barrels to hold them by, wipe perfectly dry with flannel, and then oil. It is as well to do this before putting the gun aside for any length of time. ... If the barrels are foul through using inferior powder, and the fouling has become hard and dry, cold water, or hot soap-suds, may be used to cleanse them."*



Sedert meneer Greener se skrywe het ons darem al geleer dat ons effens meer moeite moet doen met die skoonmaak van gewere.

"Cleanliness is godliness" skryf **Warren Page in *The Accurate Rifle***, en verder sê hy: *"If they (rifles) are to shoot superbly well they must be kept superbly clean."*

Hieronder maak ons twee verskillende gewere skoon op Gunsmithy se unieke 3-Step skoonmaak manier: 'n .375 Winchester Model 70, en 'n .308 Ferlach. Ons wys, met behulp van 'n "bore-scope" hoe die loop van die geweer binne-in lyk, voor en na elke stap. Die .375 is 'n swaarder kaliber en nie juis noodwendig gebou vir hoë akkuraatheid nie. Dus is sy loop binne-in nie baie glad afgewerk nie. Die spesifieke .308 aan die ander kant is 'n ou skyfskiet geweer wat na 'n jaggeweer omskep is, en het 'n goed gepoleerde Ferlach loop. Ons gebruik hierdie twee spesifieke gewere om te demonstreeer dat verskillende gewere verskillend residu opbou binne die loop, en dus 'n effens verskillende aanslag benodig tydens die geweer skoonmaak proses. 'n Mens sou byvoorbeeld verwag dat die .375 redelik 'n groter geneigdheid het te vuil ("foul"). Hoe dit ookal sy, die Gunsmithy 3-Step skoonmaak proses werk vir albei gewere. Kom ons kyk.

Drie goed wat mens wil verwyder uit 'n geweer se binnewerke as deel van die skoonmaak proses ...

1 Eerstens is daar die residu afkomstig van die dryfmiddel en tot 'n mindere mate die slagkop. Die grootste deel van hierdie residu (60-90%) bestaan uit oksideermiddels en hoë energie bindmiddels (byv. goed soos nitro sellulose, dietileen glukol dinitraat, ammonium perchloraat, ens). Plastiseermiddels (byv. nitrodiphenylamine) en inerte bindmiddels (waks, talcum, titanium dioksied) kan 5-25% gewig bydra. Stabiliseerders en ander stowwe (dinitrotoluene, kalsium sulfaat, ens) beslaan die res van die gewig (minder as 5%).



2 Tweedens los die koeëlpunt, sowel as die doppie, 'n kombinasie van koper/brons of lood reste. In die geval van baie .22 patrone is daar ook soms 'n waks-lagie wat agterbly.



3 Derdens, kan vog en suurstof in die lug korrosie veroorsaak.




EKSPERIMENT:

In die eksperiment hieronder het ons die volgende gedoen:

Met 'n .375 Winchester het ons eers 20 skote met fabrieks-ammunisie geskiet. Die punte was 270gr jagpunte met lood kern en brons baadjies. Die spoed was 2700 ft/sek. Met 'n .308 Ferlach het ons 20 skote met herlaaide ammunisie geskiet. Die punte was 165gr jagpunte gelaai voor Somchem se S341 dryfmiddel. Die spoed was ook 2700 ft/sek. Dit was ook die eerste keer dat ons hierdie spesifieke geweer deeglik skoongemaak het. Terug in die geweerkamer het ons albei gewere skoongemaak volgens Gunsmithy se 3-Stap prosedure. Ons het fotos met 'n "bore scope" geneem voor en na elke skoonmaak stap.

Dryfmiddel residu vertoon gewoonlik as donker, verbrande koolstof reste and ander reste. Die fotos hiernaas toon die donker neerslag van hierdie dryfmiddel residu in beide die .375 (bo) en die .308 (onder). Beide fotos is geneem onmiddelik na 'n skietsessie, voordat die skoonmaak proses begin is. Die .375 het 6 groewe, geskei deur lande van ongeveer 2mm wyd. Die boonste foto wys duidelik die "tooling" merke van die "reamer" op die .375 se lande, dit wys ook die brons punt se neerslag op die lande, asook die swaar dryfmiddel neerslag in die groewe en tot 'n mindere mate op die lande. Die onderste foto wys swaar dryfmiddel neerslag in die groewe van die .308 en tot 'n mindere mate op die lande. Die .308 het 4 groewe, geskei deur lande van ongeveer 1.7mm wyd.



Tydens geweerskoonmaak is dit belangrik om vir al drie bogemoemde residue te behandel ...

By Gunsmithy het ons dus 'n 3-Stap geweerskoonmaak proses ontwikkel, om stapsgewys 'n geweer skoon te maak:

Stap 1: Gunsmithy Carbon Cleaner in die **rooi bottel** – verwyder dryfmiddel residu

Stap 2: Gunsmithy Traditional Gun Cleaner in die **blou bottel** – verwyder koeëlpunt en doppie residu

Stap 3: Gunsmithy Best Gunsmith's Oil in die **oranje bottel** – dit bewaar en beskerm.



PROUDLY MAGNUM APPROVED!

Gunsmithy 3-Step has recently been endorsed by MAN Magnum as a product of excellence.

“Magnum has a longstanding, worldwide reputation for its authoritative, informative and entertaining features on rifles, shotguns, handguns, black powder firearms, hunting, wing-shooting, hand-loading, African wildlife, history and adventure. Staffed by experts who ‘tell it as it is’. For the hunter and shooter, Magnum has it all.” (<https://www.mysubs.co.za/magazine/man-magnum>)

In the August 2017 Edition of Magnum, **Gunsmithy 3-Step** receives a Magnum's approval and endorsement of world-class quality and value for money.

But don't just take their word for it ...



BESPOKE GUN CARE PRODUCTS - ENDORSED BY CHAMPIONS!

The gun care products comprising Gunsmithy 3-Step have been meticulously developed and improved by Bushill RSA since 2010. Since then we have received many endorsements from World Champions and National Team members.

World Champions and National Team Members have written to us over the years to commend and endorse the Carbon Cleaner, Traditional Gun Cleaner, Best Gunsmith's Oil and Bushill's bespoke Flannelette.

Each one of our products that have received such endorsement proudly carries the “Endorsed by Champions” Gold Badge (<http://www.bushill.co.za/products/gunsmithy-gun-care-products>).

But don't just take their word for it ... please read the attached article and then try it for yourself!

Stap 1 – Verwydering van dryfmiddel residu

In Gunsmithy se Stap 1 van geweerskoonmaak, gebruik ons die Gunsmithy Carbon Cleaner. Hierdie produk bevat oplosmiddels wat 'n wye spektrum van dryfmiddel residu deur middel van 'n kombinasie van chemiese en chemies-fisiese reaksies oplos.

Hier het ons altesaam 7 lappies op 'n konvensionele "jag" gebruik om die .308 met Gunsmithy Carbon Cleaner te behandel. Ons maak 'n flannelette lappie lekker nat met Gunsmithy Carbon Cleaner en stoot hom deur die loop. Moet die lappie nie terugtrek deur die loop nie, maar haal om af en gooi hom weg. Doen dit ten minste 3 keer. 'n Groot hoeveelheid van die dryfmiddel residu kom onmiddelik uit (lappies 1-3).

Daar bly egter 'n harder lagie van koolstof neerslag (foto 3). Hiervoor maak ons 'n borsel (brons of nylon) ook lekker nat met Gunsmithy Carbon Cleaner en werk hom ongeveer 5 keer deur die loop. Die fotos hier langsaan demonstreer hierdie proses.

Lappie nummer 4 het die dryfmiddel residu afkomstig na die borsel proses uitgehaal, en lappie nummer 5 was mooi skoon. Die "bore-scope" het egter gewys dat daar nog koolstof-reste was wat amper lyk of dit in die metaal ingedring het. Hierdie residu was waarskynlik afkomstig van jarelange skoot-residu wat stadig opgebou het. Ons het dus die Gunsmithy Carbon Cleaner behandeling herhaal, en dit het nog residu verwyder (lappie 6). Lappie nummer 7 kom nou mooi skoon uit. Na afloop van hierdie proses is die .308 se loop nou mooi blink-binne-in en net die brons residu bly oor (foto 4).




WENK: Dis ook altyd goed om te onthou dat enige chemiese skoonmaak aksie beter werk as jy hom langer tyd gee. Wat ons dus aanbeveel is dat mens, nadat die met Gunsmithy Carbon Cleaner met lappies deur die loop gesit is, maar voordat die borsel-proses begin, somer jou slot skoonmaak met die met Gunsmithy Carbon Cleaner. Dit gee die Gunsmithy Carbon Cleaner 'n ekstra minuut om sy ding in die loop te doen.

WENK: Skoonmaak-middel wat van 'n lappie af aangewend word is geneig om hoofsaaklik in die eerste helfte van die loop agter te bly. Maak dus seker dat elke lappie goed natgemaak word sodat die hele lengte van die loop voldoende behandeling kry.

Hiernaas het ons altesaam 8 38x38 lappies op 'n "spear-jag" gebruik om die .375 met Gunsmithy Carbon Cleaner te behandel. Na lappie nummer 3 het ons die loop vyf keer met 'n brons borsel geborsel.

Die fotos hierbo wys hoe lappie nummer 1 dadelik dryfmiddel residu uithaal. Lappier nummer 4 het die dryfmiddel residu afkomstig na die borsel proses uigehaal. Lappie nummer 8 kom al mooi skoon uit.

Let ook op dat lappies nummer 2 en 3 die kenmerkende groen kleur van 'n koper-kompleks bevat. Die Gunsmithy Carbon Cleaner bevat 'n ligte brons-residu voorbehandeling middle om veral dop-residu te verwyder. Na afloop van hierdie proses is die .375 se loop nou mooi blink-binne-in en net die brons residu bly oor (foto 6).



Stap 2 – Verwydering van koeëlpunt en doppie residu

In hierdie stap verwyder ons die koper/brons en lood residu afkomstig van koeëlpunte en doppies.

Brons word chemies verwyder deur die koper/brons-neerslag te laat reageer met chemikaliee wat die koper/brons uit sy metal-vorm haal en dit omskep na 'n koper-kompleks. Koper-komplekse is gewoonlik helder-kleurig blou of groen. Hiervoor gebruik ons Gunsmithy Traditional Gun Cleaner. Hierdie produk los ook lood-oksiede op en vergemaklik dus die verwydering van lood-residu. Hierdie produk bevat nie ammoniak nie.

Maak 'n lappie goed nat die Gunsmithy Traditional Gun Cleaner en stoot dit deur die loop. Doen dit tot dit lappie skoon uikom. Gebruik elke keer 'n skoon lappie en moenie die lappie terugtrek deur die loop nie. Hierdie proses haal brons en lood-residu uit die loop.

WENK: Soos in die geval van die Gunsmithy Carbon Cleaner hierbo, beveel ons 'n klein bietjie geduld aan om die chemikaliee binne die Gunsmithy Traditional Gun Cleaner tyd te gee om te werk. As jou slot reeds skoon is, vat 'n slukkie koffie en dink bietjie oor daai lakker jag waarvan die horings nou teen jou gewerkamer se muur hang.

Maak ook die lappies altyd lekker goed nat.

In die geval van ligte brons-neerslag, en 'n gladde loop, en die gebruik van die groot 50x80mm lappies van die konvensionele "jag" kan mens tot 5 lappies gebruik om die brons residu te verwyder. Die lappies hierbo wys duidelik hoe die kenmerkende groen-blou kleur van die koper-kompleks al minder word, totdat die loop van die .308 uiteindelik mooi skoon is.



Sien fotos 2 en 3 en vergelyk dit met foto 4 op die vorige bladsy.

In die geval van swaar brons-neerslag, en 'n growwe loop en die gebruik van die klein 38x38mm lappies van die "spear-jag" (soos in die .375 wat ons hier skoonmaak) kan mens tot 15 lappies gebruik om die brons residu te verwyder. Die lappies hierbo wys duidelik hoe die kenmerkende groen-blou kleur van die koper-kompleks al minder word, totdat die loop uiteindelik mooi skoon is.

Terloops, hoe groter die lappie, hoe meer effektief die skoonmaak-proses – en hoe minder lappies benodig mens. Alhoewel ons hier demonstreer dat die 38x38 lappies die .375 mooi skoonmaak, sou dit beter wees om 'n konvensionele "jag" met 'n groter lappie op die .375 te gebruik.

Sien fotos 4 en 5 en vergelyk dit met foto 6 op die vorige bladsy.

Die brons-filosofie: Die lekker ding van ons sport is dat daar soveel uiteenlopende opinies is oor wat die beste werk. Brass-verwydering is een van die dinge waarvoor daar uiteenlopende opinies is. Sommige mense glo gladnie mens moet die brons neerslag verwyder nie, ander glo wel. Ons het al na lang, interessante en ingewikkelde debatte hieroor geluister. Ons is nie voorskriftelik nie, en laat dit aan die skut oor om te besluit wat die beste werk.



Stap 2 – Voorkomende behandeling met olie

'n Goeie geweer-olie beskik oor 'n aantal kenmerke.

- (1) Die beste olie moet goeie smering bied, sonder om taai te wees of taai neerslae agter te laat. Ons Best Gunsmith's Oil bevat 'n mengsel van 4 olies en smeermiddels wat spesifiek vir vuurwapens ontwikkel is.
- (2) Die beste olie moet ook kan penetreer, en dus bevat ons Gunsmithy Best Gunsmith's Oil 'n sintetiese olie komponent.
- (3) Die beste olie moet 'n langurige beskerming teen korrosie verskaf. Meeste olies biodegradeer stadig, en dus bevat ons Best Gunsmith's Oil 'n langdurig beskermende komponent. Verder het die olie 'n hoë kookpunt sy leeftyd verleng.
- (4) Die beste olie bevat ook skere oplosmiddels wat langudrige skoonmaak-aksie en korrosie-verwydering aanhelp ... ons Best Gunsmith's Oil het dit ook.


Dis werklik die olie van wêreld-kampioene. Sien asseblief die "Endorsements" op ons webblad, en sê sê wat die wêreld-kampioene dink.

Wend Gunsmithy Best Gunsmith's Oil op 'n lappie aan en stoot deur die loop, herhaal twee of drie keer. Mens kan nou ook die res van die geweer-metaal met 'n lappie, gewee met Gunsmithy Best Gunsmith's Oil, afvee.

Die fotos hiernaas wys hoe die slotte van die .375 en die .308 vinnig en maklik skoon kom deur dit bloot met 'n lekker nat lappie gewee in Gunsmithy Carbon Cleaner af te vee.

Vee dan nou ook die res van die geweer-metaal met 'n lappie gewee met Gunsmithy Best Gunsmith's Oil.


Hierdie gewere is nou reg vir bêre.



Flannelette en Bore-Chamber Degreaser

Gunsmithy se lappies word tot ons spesifikasie vervaardig, spesiaal vir geweerskoonmaak.

'n Goeie flannelette absorbeer 'n genoegsame hoeveelheid skoonmaakmiddel – en verplaas dit effektief na die hele lengte van die loop.



Gunsmithy Bore-Chamber Degreaser los swaar olie-residu op en verwyder swaar vuilgoed.

Mens kan dit gebruik deur direk in die loop en kamer in te spuit, asook borsels en “jags” skoon te spuit.



www.bushill.co.za